# REDAKSIONEEL

## BESINNING OOR DIE „KERK"

In hierdie uitgawe trek die aandag in meer as een artikel op die „kerk" saam. Skynbaar weet ons almal wat die „kerk" is maar in werklikheid wil niemand presies sê wat hy met „kerk" bedoel nie. Weinig indien enige van ons kan die woord gedissiplineerd in terme van sy definisie gebruik.

Die woord „kerk" in die sin van 'n genootskap (kollegialisme) het in later jare in S.A. weer al meer 'n aanfluiting geword. Die woord „kerkverband" word dikwels as plaasvervanger gebruik. Die vraag is dan: wat bedoel ons presies met „kerkverband"? Dit is seker nie 'n woord wat vanself die regte begrip waarborg nie. Die vraag is of die woord die regte begrip by die hoorder oproep.

*Dit is nie die „gereformeerde" woorde wat ons besig nie, maar die begrip waarmee ons die woord „verstaan" wat bepaal of dit „gereformeerd"* is. Daarbenewens kan „gereformeerd" ook nog weer „tradisioneel" soos eksponente dit omlyn het of konfessioneel in terme van die Skrif en Belydenis uitgemaak word.

Dit is opmerklik dat die interkerklike gesprek tussen die drie Afrikaanse Kerke in die begrippe „kerk" en „kerkverband" vasval. Op die pas afgelope GES het die afgevaardigdes van die GKN Kommissie VII en daarmee die GES beweeg om eers „'n studie" te maak van wat die kerk is, voordat die lidmaatskap van die GKN by die WRK beoordeel word. Ondertussen het dieselfde GES wel soveel van die „kerk" verstaan dat oor „The Church and its social calling" gehandel is.

Die verwarring blyk ook duidelik uit die Nederlandse kerklike pers. „De Waarheidsvriend", orgaan van die Geref. Bond in die Nederl. Herv. Kerk, van 14.2.1980, gee verskillende reaksies weer op die voorwaardelike toestemming waarmee die GB die „Samen-op-Weg" en skynbaar nabye vereniging van die Gereformeerde en Hervormde Kerke bejeën. Dit is interessant om op te let hoe die begrip „kerk" gebruik word. Dit is 'n naam vir die idee van 'n genootskap wat in 'n menigte vorme en instellings mag konkretiseer.

K. Runia meen dat die GB steeds by die „vaderlandse kerk" en daarom by die „geünieerde kerk" soos by die „Hervormde Kerk" sal staan. J. Douma (vrijgemaakt) praat van die Hervormde Kerk as ds. Den Boer „zijn kerk". Die „vereniging van de ware christgelovigen" is vir hom net moontlik deur „afscheiding en doleantie" waar nie die „tuchteloze kerk" nie, maar Christus lei. 'n Ander neem die GB kwalik dat hulle die Dordtse Kerkorde van 1619 wil aanlê. „Maar is het bijbels om een historische gestalte van de kerk maatgevend te maken"? Drs. H. J. de Bie verwys na die verklaring by die Afskeiding van 1834 dat die Hervormde Kerk „'n valse kerk" sou wees en vra of dit nou nie meer die geval is nie.

Ds. J. H. Velema (Christelijk Gereformeerd) lig die abstrakte kerkbegrip in die Akte van Afskeiding van 1834 nog verder uit wanneer die Afskeiding van 1834 „wederkeering tot de ware Gerefor-

meerde Kerk, de Kerk der Vaderen" genoem word. Die vraag is wat die „aloude Gereformeerde Kerk" wat nie bestaan nie en tog as bestaande aangedien word, presies beteken. Die kerk het hier duidelik 'n idee geword. Velema kan (en seker tereg) tans geen besondere rede vind waarom ook die Chr. Geref. Kerk „meer dan gebruikelijk een weg (moet) zoeken naar de Hervormde Kerk". Dit is opmerklik hoe staties en objektief die begrip „kerk" hier voorkom, feitlik soos 'n bestemming waarheen jy gaan om daarin te vertoef, 'n blote instituut, 'n struktuur.

En tog, wat is die „Hervormde Kerk" presies? Hoe klop die begrip met art. 27 NGb dat die kerk 'n vergadering van gelowiges is? Alternatiewelik, waar kry ons die definisie vir die kerk as genootskap of eenheid van „plaaslike gemeentes" in die Belydenis?

In die lig van hierdie en baie ander vrae hoop ons dat hierdie uitgawe sal bydra om besinning oor die „kerk" te stimuleer. Is dit nie essensieel dat ons die kerk wat ons bely ook in ons lewenswerklikheid sal ken en aantref nie?

## IN MEMORIAM DR. C. VAN DER WAAL

Op 14 Julie 1980 is dr. C. van der Waal, vroeër predikant van die Vrye Geref. Kerk in Pretoria, oorlede. Hierdie uitnemende geleerde, veelsydige teoloog en outeur was in baie opsigte 'n groot eensame. Hy het die bestaan van die Vrye Geref. Kerke hardnekkig teen die GKSA gehandhaaf op sterkte van die korrespondensie met die GKN. Tog het hy hom tuisgevoel in die GTV van Pretoria en het die Gereformeerde broeders hom aanvaar en waardeer sonder om kerkistiese norme aan te lê. Ons beskou dit 'n voorreg om hierdie laaste artikel wat hy nog ingestuur het, te mag plaas. Mag die Here die goeie in sy werke bevestig en sy familie ryklik vertroos.

B. S.